# Bylae
# Voorbereidende Lewensopvoeding in die Huisgesin

***H.J. Strauss***

[Uit: *Riglyne*, Jaargang 2, nommer 1
Maart 1971 (pp.1-4).]

So ongemerk word ons samelewing deur 'n toenemende swaarmoedigheid bekruip, en in die stryd om die eerherstel van ons Christelike lewenstyl, verneem ons telkens 'n beroep op die huisgesin: die hervormingswerk moet dáár begin!

Dat die huisgesin in sleutelposisie in ons samelewing beklee, mag niemand betwyfel nie. Wat dit alles behels, is egter 'n tweede saak en juis daarop wil ons saaklik u aandag vestig.

Duidelikheidshalwe let ons op die gesin uit die hoek van die opvoeding. Dit stel die taak van vader en moeder skerp op die voorgrond én dit beklemtoon terselfdertyd die onlosmaaklike samehang tussen die gesinslewe en die breë samelewing.

## Inleidend: 'n blik op die gebeure aan die etenstafel:

Stil, met gevoude hande, elkeen op sy plek. In stilte wag op die seënbede – oë eerbiedig toe. Wag tot elkeen 'n bord het. Intussen die servette oop en kleinste se borslappie aan. Tussendeur, so ongemerk, die opmetingswerk: die verskeidenheid onder die deksels wat lig en die voorkeure na waarde getaks. Elke oog op die gelyke verdeling. Nog altyd wag ... tot die genietwoord kom. Die maal het begin; begelei deur die klik-klak van tafelgerei, noodsaaklike maniere-hulp en beskaafde teregwysings. Afwisselend die veroorloofde tafeltema-gesprek – met vra en aanbied-onderbreking. Stilte vir die dankgebed, ferm opstaan, stoele terug en dankie aan moeder.

Is dit al?

Moeder het vooraf gesorg dat die hande skoon is en die hare netjies, want so word sindelikheid ingeskerp; onmisbaar vir die fynheid van elke dag én vir die lewensweg wat wag.

Elkeen op sy gereëlde plek – om die goeie orde ontwil. Kweking van ’n orde-sin by die kleinste kindjie, want daar kom stryd en verdriet as Jannie Sannie se plekkie vul. Skaars met die koppie bo, maar tog al gesteld op die eie bordjie, lepel en bekertjie. Klein begin van ’n sorgsame besitreg, gepaar met verantwoordelike oppassendheid; niemand mag dit vat nie en hyself mag dit nie verniel of breek nie.

Elke bord moet leeg – niks verspil nie. Tydige spaarsaamheidsles en daarby ’n waarskuwing teen oordaad (nie die oë groter as die magie nie), met ’n premie op matigheid.

Die elmboë langs die sye: nie wyd sit nie en die gerei reg hanteer. Korrekte styl omdat elke lewensgeleentheid sy eie eise aan die gebruik van die nodige gereedskap stel.

Trouens, ’n lepel is nie ’n skopgraaf nie en ’n mes nie ’n swaard nie.

Nie verdwyn in die smaaklike genot en die res vergeet nie. Elementêre bestryding van selfsug, met klem op bedagsaambeid onder alle omstandighede: kyk wie iets nodig het en bied dit aan – al vertraag dit die eie happie. Nooit rek nie, want dit demonstreer gulsigheid. Daarom ook eers die bord en die mond leeg voor daar weer gevra word.

Asseblief en dankie nie nalaat nie – dis stomp. Bowendien is die hele lewe ingebed in vraende beleefdheid en dankbare erkentlikheid.

Blymoedig en opgeruimd aan die tafel land. Alle ergernis en sorge minstens tydelik tersyde en niks aansny wat die stemming versteur of die gemoedere verhit nie. Nie van die etenstafel ’n klaagmuur of ’n hofsitting maak nie. Daar is ’n tyd vir alles.

Gee ag op moeder se moeite en bedagsaamheid: die skoon tafeldoek, die netjiese dekking en kunsvolle rangskikking – saam die omraming van die voedsel uit haar liefdeshande. Leerskool vir die waardering van alles – ook die skynbaar bykomstige.

Die tafelgebeure, ’n spieëlbeeld van so baie wat die kind in sy volwassenheid wag, so baie waarvan ’n beskaafd-behoudende samelewing voortdurend afhanklik is: gepaste voorbereiding vir elke lewensgeleentheid, ken asseblief jou plek; wees oppassend en spaarsaam; betrag die matigheid; handel stylvol; tree onselfsugtig op; wees beleefd en dankbaar; verkeer innemend en vriendelik; kies die regte tyd; waardeer selfs die geringste.

Juis aan die etenstafel het die kind van kleins af geleer dat sy één en nie almal is nie; dat haar leweneruimte beperk is en dat 'n mens jou ook in die engtes gedweë moet voeg; dat beweging nie grensloos is nie en dat energie nie oral mag oorborrel nie; dat jy jou liggaam netjies moet skik en jou gevoelens onder beheer moet hou. Voorts, dat 'n mens jou verstand onderskeidend moet gebruik; alles volgens die korrekte styl moet aanpak en steeds jou woorde reg moet kies; dat jy jou vriendelik en getoë in omgang en samesyn moet gedra; dat jy oppassend en spaarsaam moet wees en ook die mooie moet waardeer; die reg van 'n ander eerbiedig en die verdraagsame liefde onderhou. Ja, en bo alles jou reslose afhanklikheid van God Drie-enig moet besef – omdat Hy die Gewer van alle goeie dinge is; in ons ganse lewe die Eerste en die Laaste, soos bely in die seënbede en die danksegging van die tafelgebed.

Die etenstafel, 'n oefenskool vir die volle lewe – vader en moeder se grondleggingswerk, onontbeerlik vir hulle kind onderweg na selfstandige volwassenheid. En hoe ons dit ook al wend of keer, telkens is dit ook in ander lewensverhoudings maar weer dieselfde beskawingsdeugde wat geld – net in 'n ander lewensposisie en daarom slegs uit 'n ander lewenshoek. Al die gesinsdeugde kom dus die kind se hele lewe ten goede: in kerk, skool, staat, bedryf, universiteit, vereniging, vriendskap en selfs buurskap – telkens gevoeg na die eie aard van elke lewensituasie.

## Laat ons die tipiese gesinsgebeure egter nog 'n bietjie verder ondersoek:

Die ordelike gang van die gesinslewe – ook aan tafel – is deurlopend tuisgebring onder die gesag van vader en moeder. Hulle het die finale beslissing waaraan die kinders ononderbroke gehoorsaam moet wees. Gesag en gehoorsaamheid aan die etenstafel, maar ook in die sitkamer, slaapkamer, kombuis en badkamer op die werf en op straat; in die winkel, motor en konsert. Vanselfsprekend ook saam in die kerk, want waar die gesin ook al beweeg, steeds geld die ouerlike gesag en voortdurend roep dit op tot gehoorsaambeid – selfs wanneer daar geen bevel is nie, omdat gehoorsame kinders weet. Hulle weet, ook wanneer vader en moeder nie teenwoordig is nie: alleen aan tafel, alleen in die huis, alleen uit die huis en alleen in versoeking.

Eerbied vir ouerlike gesag is die kind se eerste lewensgehoorsaambeid, en hierdie gehoorsaamheid is die voorsmaak van alle egte lewensvryheid – nie bandeloos nie, maar juis deur gebondenheid aan die beginselbron waaruit vader en moeder die boompies buig. Vanuit kinderlike gehoorsaambeid voeg hy hom in kerkgehoorsaamheid, skoolgehoor-

saamheid, staatsgehoorsaamheid, bedryfsgehoorsaambeid en universiteitsgehoorsaamheid ens. So lê die handhawing van ouerlike gesag die grondslag vir die volwasse kind se samelewingsgehoorsaamheid in alle verhoudings; die grondslag vir lewensvryheid slegs deur gehoorsaamheid, omdat hy weet dat gehoorsaambeid vryheid baar, terwyl verset tot sondeslawerny verkneg.

Maar nog dieper as die onontbeerlike gesag en gehoorsaamheid, lê aan die wortel van die gesinslewe die onderlinge liefde van ouers en kinders. Die gesinsliefde, met sy aanloop in die aanvanklike liefde van vader en moeder in hulle vriendskapsjare, hulle verlowingstyd en hulle huwelikslewe – nog sonder kinders. Hierdie gesinsliefde is die skering en inslag van die gesinslewe, die sagte weefwerk wat ouers en kinders saambind in hulle wedersydse liefdesvertroue en -trou, hulle liefdesbillikheid en -harmonie, hulle liefdesewewig en -omgang, hulle liefdestaal en -styl, hulle liefdesbegryplikheid en -gevoeligheid – alles in die omvleueling van liefdesgesag en -gehoorsaambeid.

In dié sin is die huisgesin dan ook die liefdeseenheid van die samelewing; die unieke lewensordening waarin kinders, onder die liefdesleiding en -tug van hulle ouers, hulle voorbereidende lewensopvoeding ontvang.

Gedrenk in die liefde – met sy rykdom van tere liefdesbindinge – kan niemand hierdie grondleggende opvoedingswerk by vader en moeder oorneem en dieselfde liefdesbedding daarvoor in stand hou nie.

Voor hy nog maar enigsins ten volle begryp, skik die kindjie hom na die eis van die huisaltaar.

Ordelik-stil en eerbiedig die toon en stemming waarin ouers en kinders (in liefdeseenheid) saam hulle brose afhanklikheid aan ons albeskikkende hemelse Vader opdra: eers Sy Woord met gewyde aandag.

Daarna lofprysing, sondebelydenis, smeekbede, voorbidding, vergiffenis – in die Naam van Jesus Christus, ons Verlosser.

Aan moedersknie die eerste godsdienslessies en die eie kindergebedjie – persoonlike inlywing in diediens van God met die hele hart en daarom: “maak my hartjie rein”. Kinders, in sonde ontvange en gebore, maar ook liefdeskleinode uit die hand van die Liefdevolle – tot Sy diens. En wie anders kan hulle met soveel liefde in die spoor van die geregtigheid lei?

Waar kan die grondslag vir die diens van God beter gelê word as in die Christelike huisgesin? Daar, waar die Christenlewe begin.

En hoe moeilik moet die kerk nie agterhaal wat godsdienstig in die huis (soms onherroeplik) verpas is nie? En wat moet die skool, die staat, die

politieke party, die bedryf, die universiteit en die res van die samelewing nie ontbeer wanneer die getroue oefening in die diens van God – met die heie hart – in die gesinslewe agterweë gelaat word nie?

Vanselfsprekend, want die verpassing van die diens van God is onteenseglik die verpassing van alles.

Inderdaad, want dit is slegs in Hom wat ons hele lewe (uit die Christus-herbore hart) sin het; slegs inHom dus ook ons gesag en gehoorsaambeid, ons hoop en getrouheid, ons regskapenheid en skoonheid, ons spaarsaamheid en fatsoenlikheid, ons welsprekendheid en stylvolheid, sowel as ons verstandigheid.

### Laat ons dit nou maar onomwonde uitstryk:

Ook die ouerliefde, waarin die gesinslewe gedrenk is, moet gedra word deur ons liefde vir God – anders is ons liefde vir ons kinders ewe-eens volkome sinloos, en daarmee die voorbereidende lewensopvoeding in die huisgesin resloos verpas. Want wie nie uit liefde tot God opvoed nie, verrig afgodediens (kinder-afgodjies) – dis al.

### En nou is die samevattende toepassing maklik:

Onder leiding van die liefde tot God doen die Christelike ouers voorbereidende opvoedingswerk vir die hele lewe; lê hulle die God-gehoorsame grondslag vir die Christelike lewe in al sy vertakkinge.

Gesinsopvoeding bestryk dus die ontsluiting van al die lewensuitgange uit die Christus-herbore kinderhart – steeds onder leiding van die ware geloof – en plaas daarmee die Christelike beginselstempel op die wordende volwasse persoonlikheid: die Christelike moraal en reg, die Christelike kuns en spaarsaambeid, die Christelike omgang en taalgebruik, die Christelike styl, die Christelike denke. Hiermee in samehang dek die gesinsopvoeding vanselfsprekend ook alle voorbereidende opvoedingswerk ten opsigte van die volwasse samesyn in alle lewensordeninge en -verhoudings: die Christelike kerk, die Christelike huwelik en gesin, die Christelike skool en universiteit, Christelike vriendskap en buurskap, Christelike ontspanning, sport en vakansie. En deurgaans verloop die gesinsopvoeding met ’n korrekte aksent op die gevarieerde Christelike lewensdeugde – toegespits op Christelike beskaafdheid, beskawingsmondigheid en -selfstandigheid. So bou die Christelike vader en moeder manne en vroue uit één stuk – voorbereid toegerus vir die diens van God met die hele hart; mense wat van kindsbeen af leef uit die enigste lewensbron, God Drie-enig.

Maar dan moet die hervormingswerk, die eerherstel van ons Christelike samelewing, beslis ook in die huisgesin begin.

En die liewe ouers wat nie oor die noodsaaklike kennis en kundigheid beskik nie? Laat hulle, in gelowige volharding, hulself onderrig in die allesdekkende lewenskool van die onuitputlike Christelike rykdom – en hulle verantwoordelikheid nie op kerk, skool en jeugverenigings afskuif nie.

**Want daar is maar één lewe wat deug, nl. die lewe wat 'n uitlewing is van die regte beginsels. En daar is vir elke lewensgegewe slegs één korrekte beginsel – die Christelike, omdat dit die ordinansie van God is.**